Ontmoeting 7

PETRUS LOOP OP WATER

Vertrou op God onder alle omstandighede.

Teks: Matteus 14:22-33

Hulpmiddels:

- Gekleurde maskeerband ("masking tape")
- Prent van Petrus wat op die water loop
- Verkyker (of 'n selfgemaakte verkyker)
- Prent van boot of 'n klein speelgoedboot
- Waspapier of sneespapier
- 'n Pan of enige lae bak (soos dié wat mens vir katsand gebruik)
- Stukkies spons, tande-/sosatiestokkies (gehalveer), strokies wit- of gekleurde papier met woorde: "Jesus is my Lewensredder"
- Skêre, gom
- Skottel of iets met water in waarop sponse kan dryf
- Inkleurprente, inkleurpotlode
- Roomysstokkies

Gebruik die maskeerband om voor die byeenkoms 'n bootvorm op die vloer te plak sodat die kinders tydens die ontmoeting in die boot kan sit. Hang die prent van Petrus wat op die water loop voor in die lokaal op waar jy aanbied. Bedek dit met waspapier sodat die prent nie duidelik sigbaar is nie.

WELKOM

Die kinders klim almal in die "boot" wat deur die maskeerband gevorm is, gereed om te roei. Almal gaan gelyktydig roei terwyl hulle die liedjie "Row, row, row your boat", sing:

"Row, row, row your boat

Gently down the stream.

Merrily, merrily, merrily, merrily;

Life is but a dream."

Die kinders moet dit herhaal, maar elke keer al hoe vinniger roei en sing totdat die leidster hulle stop.

Laat die kinders hulle skoene uittrek en in 'n ry staan. Sit die pan met 'n bietjie water voor hulle. Die eerste kind trap in die pan en loop dan op die sement/enige plek waar hulle voetspore sigbaar sal wees. Die res van die kinders volg die eerste kind en probeer om op presies dieselfde voetspore te stap as die eerste kind. As iemand per ongeluk 'n ander voetspoor getrap het, kan die kinders wat volg, besluit watter voetspore hulle kies om te volg.

Net soos ons nou in mekaar se nat voetspore probeer loop het, was daar iemand in die Bybel wat Jesus se voetspore

probeer volg het deurdat hy, ook soos Jesus, op die water wou loop. Wie weet wie dit was? *(Gee geleentheid vir antwoorde.)* Ja, Petrus.

(Hou eers die verkyker op en vra die kinders of hulle weet wat dit is. Gee geleentheid vir antwoorde. Verduidelik dat 'n verkyker jou help om iets wat ver is, duideliker te sien. So iets wat ver weg is, kan jy raaksien asof dit naby aan jou is.) Het julle al iets gesien wat ver weg is, maar jy kon nie heeltemal sien wat dit is nie? *(Bv. Iets wat hoog in die boom is, iets ver op die see of iets hoog in die lug. Gee vir die kinders geleent-heid om antwoord te gee.)*
(Wys nou na die prent wat waspapier bo-oor het. Vra die kinders wat hulle in die prent kan sien. Gee geleentheid vir antwoorde.) Soms is dit moeilik om dinge duidelik te sien, totdat iemand ons help om te verstaan waarna ons kyk. Vandag gaan ons verhaal oor Petrus wat saam met die ander dissippels iets vreemds gesien het, maar toe hulle besef wat hulle sien, wou Petrus iets doen…
Voordat ons na hierdie verhaal gaan luister, gaan ons eers bietjie asem skep op die see.

WYDING

Stilword-ritueel:

(Laat die kinders hulle oë toemaak en speel die agtergrondmusiek van seegeluide.) Verbeel jou jy sit in hierdie bootjie op die see. Luister mooi na die see se klanke. Raak bewus van Jesus wat saam met jou op die bootjie sit en jou hand vashou. Sê vir Hom saggies in jou hart: "Jesus, dankie dat U hier by my is."

Temalied: Sing die Dissipelliedjie.

Sing ook "Jesus, groot bo almal"

WOORD

(Vra die kinders om jou te help om die storie te vertel. Reël vooraf met iemand om bewegings en klanke saam met die kinders te doen en dit vir hulle te wys.)

"Daarna het Jesus vir die dissipels gesê hulle moet dadelik in die boot klim en voor Hom na die anderkant van die see gaan. Hy wou eers vir die mense sê hulle moet huis toe gaan. Nadat Jesus al die mense huis toe gestuur het, het Hy alleen teen die berg opgegaan om te bid. Dit het donker geword en Jesus was alleen daar.

Die boot was toe ver van die land. Die branders het die boot rondgegooi **(kinders wieg links en regs asof hulle op 'n boot op die rowwe see is)**, want die wind het sterk van voor gewaai **(maak soos wind wat waai)**. Vroeg die volgende oggend, voordat dit lig geword het, het Jesus na hulle toe gekom. Hy het op die see geloop.Toe sy dissipels Hom op die water sien loop, het hulle baie bang geword **(lyk bang en bewe…of skree benoude "Ahhh")** en gesê: 'Dit is 'n spook!'

Hulle was baie bang, en hulle het hard geskree **(skree hard).** Jesus het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: 'Toemaar, dit is Ek! Moenie bang wees nie.' Petrus sê toe vir Jesus: 'Here, as dit U is, sê dan ek moet op die water na U toe loop.' Jesus het vir hom gesê: 'Kom!' Petrus het uit die boot geklim **(almal staan op en gee 'n tree uit die "boot" uit**) en toe het hy op die water geloop na Jesus toe **(almal loop asof hulle versigtig en stadig loop).** Maar toe Petrus sien die wind is sterk, het hy bang geword **(bewe en lyk bang).** Hy het begin sink **(maak of jy begin sink)** en hy het geskree: 'Here, red my!' **(almal skree: Here help my"!)**

Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en Hy het hom gegryp **(steek jou hand uit en maak of jy iemand se hand gryp)** en vir hom gesê: 'Hoekom is jou geloof so min. Hoekom het jy begin twyfel?' Hulle het in die boot geklim (**klim terug in die boot en sit)** en die wind het opgehou waai. Die mense wat in die boot was, het voor Jesus gekniel en vir Hom gesê: 'Waarlik, U is die Seun van God.'

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe die dissipels gevoel het toe hulle boot in die storm was.
2. Ek wonder hoe Petrus gevoel het toe hy uit die boot geklim het.
3. Ek wonder hoekom is dit nie altyd maklik om te glo nie.
4. Ek wonder wanneer het jy al so ‘n dapper ding soos Petrus gedoen omdat jy Jesus vertrou het.
5. Ek wonder wat die belangrikste ding is om te onthou in hierdie verhaal.

WERSKAF

- Petrus loop op die water: Elke kind kry 2 inkleurprente: 1 met die boot en Jesus op die water; die ander prent met Petrus. Laat hulle dit inkleur. Knip die Petrus-prent uit en plak dit op die stokkie. Maak ‘n sny in die inkleurprent waar Jesus op die water loop. Steek die roomysstokkie met Petrus deur die gleuf en laat Petrus op die water “loop” en “sink”.
- “Word search”: Gee aan elke kind ‘n uitdeelstuk en laat hulle die woorde soek.
- Bou ‘n Boot: Gee aan elke kind ‘n spons, ’n halwe sosatiestokkie en ‘n papierstrook met woorde op. Laat die kinders hul eie seile maak deur die papierstrook aan die stokkie vas te gom. Druk die stokkie in die spons en sit dit op die water om te seil.

Seënbede:

Laat die kinders vir oulaas hulle voete nat maak en in ‘n kring staan. Vra die Here om ons te help om Hom altyd te vertrou, ook in die moeilike tye in ons lewe.

Petrus loop op die water

L	E	W	E	N	S	R	E	D	D	E	R
S	L	J	G	J	D	R	L	R	M	N	D
L	G	E	T	D	V	O	Z	R	D	M	L
E	S	S	J	Z	O	B	O	R	N	M	T
P	U	U	G	P	Q	T	D	R	L	N	J
I	R	S	M	E	S	D	E	P	Q	Y	Q
S	T	G	J	T	L	T	M	K	Z	J	J
S	E	L	O	X	A	O	W	P	Z	Q	T
I	P	O	K	W	K	M	O	B	T	L	T
D	B	W	Q	R	Y	D	M	F	R	L	V

Petrus

Jesus

loop

water

dissipels

Lewensredder

geloof

boot

storm